

Donderdag 8 Februarie

Skrifgedeelte: Hosea 4:1-6

Fokusgedeelte: Hosea 4:6

Ken die Here en weet Hy het jǒú lief!

Nie dat ander Bybelverse 'n mens nie aanspreek nie, maar met die lees van veral Hosea 4:1 besef jy dat Hosea met Goddelike gesag praat. Hy tree op as boodskapper van die Here. Daar is 'n dringendheid in sy woorde. Dis die bevel van die Here! Die Israelvolk móét luister – en natuurlik elke mens! Want die volk is weer in die beskuldigebank. God kla sy eie volk aan!

So sien ons in Hosea 4:1-6 dat vers 6 die lewende Here se verwyte verwoord. Die spil waarom alles draai: *dit ontbreek julle aan toewyding aan die wil van God*. (In die Hebreeuse taal letterlik: “daar is geen kennis van God in die land nie.”)

Ware godsdiens ontbreek by geestelike leiers en lede van die volk. En daarom ontbreek dit die mense aan liefde en trou. Daarom neem vervloeking en valsheid en moord en dief-stal en wat nog meer hand oor hand toe. Hosea praat met mense wat weet wat God van hulle verwag. Tog is hulle nie volkome aan sy wil toegewy nie ...

Die afvallige volk bly egter die volk van God. Die Here praat, ten spyte van hulle sonde, deurgaans van hulle as “my volk”. Juis dit is die wonder van die genade. Die Here gee sy kinders nooit prys nie. Sy liefde vir sy ongehoorsame volk vervaag nie. Dit hou nooit op nie. Hosea praat en sê. Roep en vermaan. Hoor en besef dat die kwaliteit van God se liefde vir sy volk nie afhanklik is van dit wat die volk doen nie. Hy toorn oor hulle sondes, straf hulle selfs, maar nog steeds bly hulle “my volk”. Sy liefde is nimmereindigend, on-danks die geestelike “slordigheid” van die volk.

En sy nimmereindigende liefde word vir my kenbaar in Jesus Christus, die hart van die Vader. Hy het op aarde kom sê en roep en vertel en bedien. “My kind, my kind!” Luister en hoor en onthou die psalmwoord:

“As jý vandag sy roepstem hoor,

Verhard jou nie, maar neig jou oor,

Merk op die roep van sy ontferming ...” (Ps. 95-1:4).

Sing: Psalm 63-1:3

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)